

'n Tyd om te huil en 'n tyd om te lag!

Prediker 3:4a

Maan 22 Feb 2021

1953 vertaling Pred 3:3b “'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag,”

Bron: Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.77-80

Huil en lag klink na twee sulke teenoorgesteldes dat jy dit amper nie in een sin wil gebruik nie. As 'n mens huil is jy hartseer of seer of diep ongelukkig. As jy lag is jy vrolik en blymoedig. Maar huil en lag is twee menslike emosies wat ons almal baie goed ken.

Maar die vraag is sekerlik: Waaroor huil ons vandag?

Eerstens huil ons sekerlik as iets my baie na aan die lyf is bv.

- As iets met my vrou of kinders gebeur
- As ek fisies seergekry het, of
- as 'n geliefde dood is.

Tweedens moet ons na die Bybel kyk waaroor ons moet huil!

- In die Bybel lees ons van die ryk jongman wat bedroef weggegaan het toe Jesus gesê het dat hy al sy besittings moet verkoop en vir Jesus moet volg. Mat 19:21
- Jesus sê aan die vrouens van Jerusalem om nie oor Hom, Jesus Christus, te huil nie, maar oor hulleself en hulle kinders oor hulle verlorenheid. Luk 23:28
- Jesus se dat Jerusalem moet huil oor hulle eie hardkoppigheid om nie tot bekering te kom nie. Luk 13:34.

Samevattend

- Ons moet nie huil oor onself ons eie eie daaglikse sakies nie, maar ons moet huil oor ons sondes en ons onwilligheid en ongehoorsaamheid teenoor God.
- Ons moet huil oor ons eie en die wêreld se verharding om tot bekering te kom.
- Ons moet huil oor ons gebroke verhouding met God en met Jesus Christus.

Jak 4:8-10 “Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars. 9) Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydskap in droefheid. 10) Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.”

Maar waaroor moet en kan ons dan lag?

- Die mens openbaar sy karakter die beste oor die dinge waaroor hy/sy lag. (Johan W. von Goethe)
- 'n Kru humorsin lag vir alles, gebeurde en veral vir jou medemense, behalwe vir jouself en vir dit wat vir jou belangrik is.
- 'n Klein kindjie lag spontaan en eerlik en opreg.
- 'n Sestigjarige weet waarvoor hy moet lag of nie.
- Die meeste van die tyd lag ons as 'n moeilie saak verby is en daar is uitkoms.

Ware blydskap om oor te lag!

Opregte en ware blydskap om oor te lag is wanneer ons besef dat God goed en genadig is.

Ps 126:1-3

- 1 “n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom.
- 2 Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: “Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.”
- 3 Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.”

Paulus leer ook aan ons om ons in die Here te verbly. Fil 4:4

God het Jesus Christus gestuur om vir ons sondes te betaal. Oor ons sondes moet ons huil, maar oor ons verlossing in en deur Jesus Christus moet ons van dankbaarheid lag en bly wees. Juis ook in Psalm 126 getuig die volk van die groot dinge wat God vir ons gedoen het. Dit wat God doen maak ons bly en laat ons van dankbaarheid lag.

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)